

# Gesinne in Harmonie

**Volume 9, Desember 2011**

**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**



*Liewe Ouers,*

Só vinnig vlieg tyd verby!

Hier het ek al vergeet van my vakansie en staan ons al weer aan die einde van nog 'n jaar.

Noodgedwonge dink mens veral in hierdie tyd van die jaar aan alles wat jy nog wou doen, almal wat jy in hierdie jaar nog wou sien, vriende en familie wat jy aan die dood moes afstaan, maats wat jy verloor het.

Maar dis ook 'n tyd van dankbaarheid en blydskap en hopelik ook vrede.

Dankbaar dat nog 'n skooljaar verby is en jy 'n blaaskans kry, dankbaar vir elke lewe wat gespaar is en vir elke nuwe toevoeging tot die familie.

Blydskap dat ons kan uitsien na 'n vakansie saam met geliefdes of selfs net 'n Oukersdag of Kersdag se saamkuier.

Deur die jaar hardloop ons van betaaldag tot betaaldag en dis asof Desembermaand dié ge-jaag 'n bietjie minder maak en mens laat stilstaan om dinge in oënskou te neem en te evalueer.

Dinge om oor na te dink soos:

Het ek hierdie jaar gegroei in my geestelike lewe?

Het ek geestelike saadjies ge-saai?

Het ek my besig gehou met die Here van die dinge, of net met die dinge van die Here?

Het ek my kinders geleer wat ewigheidswaarde is en hoe hulle daarop kan fokus?

Mag julle in hierdie Kerstyd saam met jul gesinne en families op dié dinge wat ewigheidswaarde het, fokus en die vrede van Christus ervaar!

Mag Kerstyd 'n vreugdevolle tyd vir almal van ons wees!

*Saam in Sy diens,*

*Lita*

*NS:* Kontak ons gerus deur middel van die details op die agterblad.

## *Notas vir die yskas*

**Kleuterkerk en Junior Kategese begin op 22 Januarie 2012**

---------------

**Registrasie begin 08:30 in die kerksaal**

**Registrasievorms** is op die webblad beskikbaar, maar daar sal ook vorms in die saal wees.

**Registrasiefooi van R10 is vrywillig!**

Ons gebruik dit om papier, verf, gekleurde karton, potlode en kryte aan te koop vir die jaar se aktiwiteite.

----------------

Ons sien uit daarna om al die Mammas en Pappas te sien - kom gerus om jou kind se kategeet te ontmoet en te sien waar sy/haar klassie gaan wees!

----------------

*Manne-Oase*

Kom deel jou ervaringe, vrese, vreugdes en vrae met ander soos jy en leer wat God van jou as man verwag en hoe jy Sy riglyne vir mans prakties in jou lewe kan toepas!

- **Elke eerste Maandag van 'n maand om 18:30 in die Oase**
- **6 Februarie 2011**

LW:

Tye word nie op die gemeente se kalender aangedui nie, maar dit sal op die webblad wees!





# Gesinne in Harmonie

**Volume 9, Desember 2011**

**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**






### *Kersfeestyd = Vreugdetyd!*

Dikwels is ons teen die einde van November al so moeg van die alledaagse gejaag, dat ons nie eens die Kersversierings en liggies in die winkels raaksien nie.

En dan is ons boonop nog gefrustreerd as ons moet jaag om geskenke te koop, al die funksies by te woon en iewers nog moet beplan om te rus ook!



Weet hierdie Kersfees dat God nie bedoel het dat ons Hom net oor Kerstyd moet raaksien nie.

Lees verder op bladsy 3.....

### *Ons Huisreëls:*

1. **Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word**
2. **Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jouself**
3. **Luister as iemand anders praat**
4. **Pas alle eiendom op**
5. **Tree altyd toepaslik op**

**-Anoniem -**

**Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus**

**Galasiërs 6:2**

### *Die Mier en die Kontaklens*


Hierdie prentjie het ek per epos van 'n vriendin ontvang en dit het my onmiddellik daaraan laat dink dat dit een van ons Goddelike opdragte is dat ons mekaar se laste moet dra.

Die ligte ou kontaklensie is vir die mier iets wat baie swaar is en wat hy nie verstaan nie, want hy kan in elk geval niks daarmee doen nie, maar hy dra dit omdat hy glo dat dit sy Goddelike opdrag is. En hy doen dit vir God.

Net so het ons verskillende laste om te dra. Wat vir my swaar is, is dalk vir jou kinderspeletjies. Die dinge wat vir ons of ons kinders voel asof dit ons lewens verpletter, is vir ander dalk liggewigte. Partykeer lyk dit ook vir ons asof alles een familie of een mens gelyk tref - dan praat ons selfs van ongeluksvoëls!

Ons het verskillende laste om te dra, omdat ons verskillende mense is en op verskillende stadia van ons groeiproses is. Party van ons moet nog die pad loop wat ander alreeds beproef en deurstaan het.

God gee die opdrag dat ons mekaar se laste moet dra - en terselfdertyd die versekering dat alles in Hom moontlik is! Hy soek net gewillige harte en hande - vir die res sorg Hy self!





# Gesinne in Harmonie

**Volume 9, Desember 2011**

**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**



......vervolg van bladsy 2.....



God het nie bedoel dat Kerstyd net oor die duur geskenke en seevakansies moet gaan nie.

Kerstyd is bedoel om 'n geleentheid vir ons en ons gesinne en families te wees om saam te wees, om 'n ware Christus-fees te beleef, mekaar te waardeer (sonder duur geskenke), en weer na die Kindjie in die Krip te kyk met dankbaarheid in ons harte!

Kerstyd is bedoel om vol van Sy Lig te wees. Die blink liggies, kerse en ander versierings is bedoel om ons te herinner aan 'n feestyd - 'n tyd waarin God ons Sy Seun geskenk het om die Lig van die wêreld te wees.

Kom ons herinner onsself en ons kinders met elke kers wat ons aansteek en elke liggie wat ons ophang, aan die Enigste Lig vir die wêreld.

Met elke pakkie wat ons toedraai, kom ons doen dit met liefde en 'n gebed vir die persoon vir wie die pakkie bedoel is en skep so die vrede van Kersfees in ons harte.

Kom ons buig hierdie Kersfees voor die Hemelkoning soos die skaapwagters van ouds en leer ons kinders die waarde van saamwees, aanbidding en veral God se onbeskryflike liefde vir ons.



Here,
U wat alles gemaak het,
U weet hoe ons smag na vrede in ons harte
en liefde in ons huise.

Help ons om hierdie Kerstyd nie net die geskenke
raak te sien nie, maar ook die rede vir
die Kindjie in die krip.

Help ons om met elke pakkie wat ons toedraai
U seën te bid oor dié wat dit gaan ontvang.

Help ons om ons kinders sonder ophou van U liefde te vertel
en so te leef dat hulle daarvan bewus kan wees.

U is groot bo alles, Here,

Seën ons en ons gesinne in Rietfontein-Suid
in hierdie Kersfeestyd.

Amen

**Lees nou die res van die mierstorie hier:**

**Bron:** Josh and Karen Zarandona

Brenda was almost halfway to the top of the tremendous granite cliff. She was standing on a ledge where she was taking a breather during this, her first rock climb.

As she rested there, the safety rope snapped against her eye and knocked out her contact lens.

'Great', she thought. 'Here I am on a rock ledge, hundreds of feet from the bottom and hundreds of feet to the top of this cliff, and now my sight is blurry.'

She looked and looked, hoping that somehow it had landed on the ledge. But it just wasn't there.

She felt the panic rising in her, so she began praying. She prayed for calm, and she prayed that she may find her contact lens.

When she got to the top, a friend examined her eye and her clothing for the lens, but it was not to be found. Although she was calm now that she was at the top, she was saddened because she could not clearly see across the range of mountains.

She thought of the bible verse 'The eyes of the Lord run to and fro throughout the whole earth.'

She thought, 'Lord, You can see all these mountains. You know every stone and leaf, and You know exactly where my contact lens is. Please help me.'

Later, when they had hiked down the trail to the bottom of the cliff they met another party of climbers just starting up the face of the cliff.

One of them shouted out, 'Hey, you guys! Anybody lose a contact lens?'

Well, that would be startling enough, but you know why the climber saw it? An ant was moving slowly across a twig on the face of the rock, carrying it!



The story doesn't end there.

Brenda's father is a cartoonist. When she told him the incredible story of the ant, the prayer, and the contact lens, he drew a cartoon of an ant lugging that contact lens with the caption, 'Lord, I don't know why You want me to carry this thing. I can't eat it, and it's awfully heavy. But if this is what You want me to do, I'll carry it for You.'

I think it would do all of us some good to say, 'God, I don't know why You want me to carry this load. I can see no good in it and it's awfully heavy. But, if You want me to carry it, I will.'

God doesn't call the qualified, He qualifies the called!



# Gesinne in Harmonie

**Volume 9, Desember 2011**

**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**





## *Boekwurms*

Jy is wat jy lees!

Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

## *Fliekvlooie*



Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:

http://www.kids-in-mind.com/

## Bediening vir Diens

**Kontak ons gerus!**

kinders@rietfontein-suid.ng.org.za

of

diens@rietfontein-suid.ng.org.za

---

**Peet Dorfling**

Telefoonnommer:
084 464 7102

Epos:
peetd@productivitysa.co.za

---

**Taakspan vir Gesinne**

Basson Geldenhuys

Telefoonnommer:

071 6488 656

Epos:

basson.geldenhuys@dpw.gov.za

---

**Oase vir Manne**

Pieter Barnard

Telefoonnommer:

082 4441 112

---

**Taakspan vir Vroue**

Brenda Barnard

Telefoonnommer:

082 494 7835

brendabarnard1@gmail.com

---

**Taakspan vir Kinders**

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnommer:

082 453 8421

Epos:

Duimelita@gmail.com

## 'n Briefie van die Kinders

**Liewe Pappas, Mammas, Oupas, Oumas, Ooms en Tannies,**

Baie dankie dat julle ons toelaat om in Rietfontein-Suid se gemeente te leer van God en dat julle ons getrou Sondag na Sondag kerk toe bring.

**Liewe Dominee Leon van Heerden, Dominee Leon Tait, Oom Dirk, Nadia en DJ,**

Baie dankie dat julle nie moed opgee om ons almal van God te vertel nie en dat julle soveel moeite doen om ons ouers te ondersteun.

**Liewe Tannie Malinda en al die Ooms en Tannies by die Kinderkerk en Junior Kategese,**

Baie dankie vir elke Sondag se geduld en al die moeite wat julle doen sodat dit vir ons lekker kan wees om te leer hoe om kinders van Jesus te wees. Veral die werkswinkels aan die einde van die kwartaal is vir ons baie lekker!

Ook Baie Dankie aan **Oom Jorrie en sy span** wat vir ons ons klasse regmaak, **oom Frans** wat sorg dat ons elke Sondag stoele het om op te sit, en **tannie Hantie** wat vir ons die lekkergoedpakkies by ons afsluiting gegee het.

'n Baie geseënde Kersfees vir julle almal!

Ons is baie lief vir julle!

Al die Kinders van Rietfontein-Suid

**Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder**

**Die Koffiepot vir Volume 1-3 van Ouers in Harmonie en nou Gesinne in Harmonie!**

**Moot Care Sentrum**

Louwna Bouwer

Telefoonnommer:

3300632 of 071 480 1178

Epos:

mootcare@vodamail.co.za

**Families are the compass that guide us. They are the inspiration to reach great heights, and our comfort when we occasionally falter.**

Brad Henry

*I kneel before the Father,*
*from whom His whole family*
*in heaven and on earth*
*derives its name.*

*Ephesians 3:14-15*



**A family without prayer**
**is like a house without a roof,**
**open and exposed to**
**all the storms of heaven.**

Thamas Brooks